TERUGVOER AAN GEMEENTE 17 Junie 2018

Sondag 17 Junie 2018 het die **Kerkraadsvoorsitter, Henk Bouwer**, aan die gemeente tydens die eredienste terugvoer gegee oor die geloofsonderskeidende missionale proses en tot waar ons tans gevorder het. Hier is die bondige aanbieding volgens die skyfies wat vertoon is.



AANBIDDINGS SENTRUMS

Soos almal teen hierdie tyd reeds bewus is, is ons in die bevoorregte posisie om 2 doelmatige aanbiddings sentrums te hê om nog beter ons missionale roeping uit te leef.

Ons is die Here baie dankbaar vir hierdie geleentheid en vir almal se betrokkenheid hierby.

Die LOFSENTRUM sowel as die KUSWEG KERK:

- Laat ruimte vir verskillende aanbidding style waar meer mense 'n tuiste vind
- Stel ons in staat om 'n wyer spektrum van ons gemeenskap te bedien
- Stel ons in staat om ander meganismes aan te wend ten einde ons missionale rol te vervul – bv. Gordonsbaai Uitreik

Omdat ons missionaal in ons gemeenskap wil wees, is Gordonsbaai Uitreik as NPO gestig om die platform te wees waardeur mense in nood gehelp kan word.

Gordonsbaai Uitreik het byvoorbeeld onlangs 'n uiters geslaagde byeenkoms gehou met die bekende komediant Barry Hilton as seremoniemeester.

KERKRAAD EN LERAARS

Na die vertrek van ds. Strydom Bruwer, is dr. Burrie du Toit kontraktueel aangestel om dr. Jannie le Roux te help met die pastorale versorging in die gemeente tot einde Januarie 2019.

Ons het aansoek gedoen om ’n internskap predikant wat hopelik teen 2019 op ’n 2-jaar kontrakbasis bevestig kan word. Hierdie pos word met sinodale hulp gefinansier. Ook het ons die moontlikheid om die diens van Johan Botes, ons huidige jeugwerker, as voltydse predikant te betrek. Johan voltooi sy opleiding as predikant aan die einde van 2019. Uiteraard is enige situasie vloeibaar, maar hiermee hoop die Kerkraad om strategies effektief te wees in die behoefte aan doelmatige personeelvoorsiening.

Tans is ons in die proses om ook die struktuur van die Kerkraad self onder oë te neem sodat die Kerkraad dinamies doelmatig kan bly funksioneer volgens die roeping wat die Here ons gegee het.

FINANSIES

Die HUIDIGE LOPENDE BEGROTING word baie effektief bestuur met finansiële dissipline deur ons FBO Bestuursgroep, die kantoor asook die Leiers van ons Bestuursgroepe.

Die GEMEENTEBYDRAES lyk gesond en ons is baie dankbaar vir almal se bydraes. Ons wil graag versoek dat asseblief volgehou word met goeie bydraes. Net om te noem: ons geboue het voortdurend instandhouding nodig en veral Kusweg Kerkgebou moet nou aandag kry. Ook het ons fondse nodig vir byvoorbeeld die bedekking van die parkeerarea by die Lofsentrum.

Ons het ook bydraes nodig vir TOEKOMSTIGE PROJEKTE WAT FOKUS OP ONS VISIE AS MISSIONALE GEMEENTE EN DISSIPELMAKERS.

GORDONSBAAI GEMEENTE IDENTITEIT

Tydens ons geloofsonderskeidende proses het die Gees ons gelei om te bly leef met die besef dat ons in EEN HERE (DRIE-ENIG) glo, en volg met EEN ROEPING. Ons bly EEN GEMEENTE met EEN KERKRAAD/LEIERSKAP wat volgens EEN BEDIENINGSMODEL missionaal fokus om DISSIPELSKAP te bly bevorder.

AAN GOD AL DIE EER!